2 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 8
Fokusgedeelte: Psalm 8:5

God se grote Naam oor die hele aarde

Hoe wonderbaar en groot is God se Naam oor die hele aarde! Psalm 8 besing die grootheid van God so mooi:

- Kyk jy na die hemelruim en jy sien hoe wondelik God dit inmekaar geweef het.
- Kyk jy om jou, en jy kan nie anders as om uit te roep: "... hoe wonderlik is u Naam oor die hele aarde". Sy koninklike mag straal oor die hele aarde.
- Kyk jy na jouself en jy sien dat God die mens, jou, geroep het tot heerskappy oor sy aarde.

Maar wat is jy? Wat dink jy van jouself? Dat jy uit jouself vuil en vol sonde is? Dat jy daarom verleë en nikswerd voor God staan?

Nee, voor die Here is jy nie niks werd nie. Hy wat alles so wonderlik geskep het, gee vir jou om en sorg vir jou. Hy het jou geroep om sy verteenwoordiger hier op aarde te wees. As jy voor God se heerlikheid en grootheid buig, aanvaar jy die verantwoordelikheid om te heers oor die skepping en word jy God se getuie in die skepping.

"Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!" So groot het die Here ons gemaak, ons met eer en heerlikheid gekroon.

Tog, as ons kyk na die 2012-model wêreld, sien ons:

- die mens wat die wonderlike skepping van God afbreek en verniel;
- die mens wat nie vrede op God se mooi aarde kan bewerkstellig nie;
- die mens wat nie sy eie hartstogte kan beheer nie en vol sonde is;
- die mens wat niks wys van God se wonderbare Naam op aarde nie.

Die Hebreërbrief sê dus tereg: "Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie ..." (Heb. 2:8b). Dit is die werklikheid van ons ou lewe!

Tog sien ons iets meer, sê Hebreërs: "... ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood"(Heb. 2:9). Hy is dié Mens van wie Psalm 8 sing. Christus
is die oorwinnaar oor Satan. Hy het ons gekoop om kinders van God te wees.

Ons lewe egter nog in die "nog nie"-tyd van Hebreërs 2:8b – nog vol sonde en kleinheid, maar in Christus het ons die sekerheid van die geloof dat ons ná die wederkoms ons volkome sal kan verlustig om met aansien en eer gekroon te wees.

Tog is ons nou reeds kinders van God, koningskinders. Ons leef in hierdie wêreld in en deur sy genade. Ons het die heerlike verantwoordelikheid en roeping om dit wat Hy ons gemaak het, uit te leef. Ons moet waar ons woon en werk, sy getuies wees. Dit beteken: om weg te leef van die sonde. Om met heerlikheid te heers oor die sonde. Om God se heerlikheid en eer deur jou lewe uit te dra. Om met vreugde en dankbaarheid die aarde te beheers en om deur alles God se Naam groot te maak. Daarvoor het God jou met aansien en eer gekroon!

Sing: Psalm 8:1, 3, 5 (1936) *Ds. RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*